



‘Back to basics’ Weiding vir die winter – Wat plant ek?

Willem Otto, Sensako

Met een van die droogste somerseisoene in ’n lang tyd waaruit ons beweeg, is die toestand van die natuurlike veld en aangeplante weiding in meeste gevalle op ’n laagtepunt. Kuddes het verlaag in getalle omdat die behoefte na weiding gedurende die tye die beskikbaarheid oortref het. Met die somerseisoen wat ten einde loop, skets dit ’n droewige prentjie vir die herfs, winter en vroeë lente maande wat voorlê vir die veeboere en veekuddes.

Wat is die moontlikhede om beskikbaarheid van weidings aan te vul om die harde maande te oorbrug? *Die beplanning vir die gedeelte van die produksie-seisoen nou in plek moet kom.*

Die navolging van die beste produksiepraktyke waarborg nie sukses nie, want die wispelturigheid van die klimaat maak die uitkoms in meeste boerderye meestal onseker as gevolg van die risikokomponent. Die risiko om laer produksies onder droëlandtoestande te kry is groter as onder besproeiing, omdat die klimaat meer invloed op sukses van produksie kan uitoefen.

Wat is die verskillende maniere om weiding en die benutting daarvan te benader?

Eenkamp stelsel: Bestaan basies uit een kamp waarin die vee permanent wei deur die jaar.

✓ **Voordele;**

- Minder bestuursvaardighede nodig.
- Kapitale uitset is laag.

✓ **Nadele:**

- Laer weidingskwaliteit en biomassa opbrengs.
- Lae veebelading omdat minder biomassa/ha geproduseer word.
- Swakker benutting van beskikbare weiding.
- Hoër verliese as gevolg van vertrapping.
- Misprodukte word oneweredig versprei.
- Onkruid-indringing verhoog en minder smaaklike grasse neem toe.



SENSAKO
Beproefde Genetika • Proven Genetics



Basiese rotasie of wisselweiding-sisteem: Meer as een kamp is beskikbaar waartussen die vee verskuif word sodat kampe kan rus en tyd toegelaat word vir hergroei van die weiding.

✓ **Voordele:**

- Verhoogde biomassa-produksie en verbetering in weidingskwaliteit teenoor deurlopende beweiding.
- Weiding kry langer rusperiode vir hergroei.
- Langer weidingseisoen is beskikbaar wat addisionele voerproduksie verminder.
- Beter verspreiding van misprodukte.

✓ **Nadele:**

- Koste vir heinings en waterpunte is hoër.
- Sub-optimale weidingbenutting.

Intensiewe weiding-stelsel: Verskeie kampe is beskikbaar vir beweiding. Vee word gereeld verskuif tussen kampe gebaseer op evaluering van die groei en produksie van die weidingsgewas en benutting deur vee.

✓ **Voordele:**

- Hoogste biomassa-produksie en benutting per ha.
- Veegetalle/ha kan in meeste gevalle verhoog word.
- Mis word meer eweredig oor die oppervlakte versprei.
- Onkruid en minder smaaklike grasse word ook beheer en benut tydens beweiding.
- Die stelsel bied meer weidingsopsies en verminder die behoefte aan meganiese geproduseerde weidingsprodukte.

✓ **Nadele:**

- Goeie bestuur van weidings nodig.
- Aanvangskoste kan hoër wees omdat kampe gespan en water per kamp aangelê moet word.
- Evaluering van beskikbare biomassa belangrik om verskuiwing te optimaliseer.

Gedagtes om te herkou

Beweiding is 'n beplande proses, al is die plan om vee vir 'n verlengde periode in die weiding te plaas. Almal betrokke by die uitvoering van die beweidingsplan moet by die beplanningsfase betrokke wees. Dit poog om meelewing en eienaarskap van die plan tot gevolg te hê, anders word die plan nie suksesvol deurgevoer nie. Maak seker dat almal op die spreekwoordelike 'dieselfde bladsy' is voor implementering.



SENSAKO
Beproefde Genetika • Proven Genetics



Beplanning sluit al die fases en komponente van weiding in:

Bestuur die gewas of aangeplante weiding

Beperkings in klimaat, die grondfisiese en chemiese omgewing, beskikbaarheid van plantvoedingstowwe en ander elemente, asook omgewingstremming deur siektes en plae, plaas 'n plafon op die bereiking van weidingspotensiaal.

Kies die regte gewasse vir die omgewing en produksie-omstandighede.

Hawer: Verskeie kultivars (SSH-reeks) is beskikbaar vir weiding, sny en baal. Groeiseisoenlengtes verskil wat 'n geskikte keuse vir elke plantdatum moontlik maak. Goeie hergroei en biomassa-produksie.

Rog: Langer groeiperiode kultivars (SSR-reeks) is beskikbaar met goeie hergroei. Vir wei, sny en baalaanwendings.

Weikoring: Soortgelyk aan hawer, maar minder hergroei. Kan na weiding uitgegroeï word vir graanproduksie.

Ander: Voergars (SSG-reeks), radyse, rape en mengsels.

Gegewe gronde se wisselende vrugbaarheidstatus en in die meeste gevalle nie-optimale bemesting oor jare, skep die beplanning vir hoër produksie-potensiale die moontlikheid in dat voedingstekorte kan voorkom wat biomassa-opbrengste kan beperk. Doen die bemestingsbeplanning vir die potensiaal wat haalbaar is en gee bykomende behandelings om groei te ondersteun. Dit is ook belangrik om addisionele bemesting te beplan na beweiding om hergroei te stimuleer soos die klimaat en reënval dit toelaat.

- Evalueer biomassa- produksie voor en tydens beweiding om optimum weitye te bepaal.
- Bestuur van hergroei is belangrik om lewensduur van aanplanting te verleng en voldoende biomassa te ontwikkel.
- Bestuur die vee-getalle en weidingsvoorkeure.
- Gesondheid van diere moet gemonitor word.
- Byvoedings is belangrik om gebalanseerde voeding te verskaf.



SENSAKO
Beproefde Genetika • Proven Genetics



Die kwaliteit van beweiding is die saam met volume biomassa beskikbaar, belangrike doelwitte in beplanning vir produksie op weiding. *Doen wat jy kan wanneer jy dit moet doen* om die beste resultaat op groei in daardie stadium te verseker. Beplanning begin voor planttyd, maar potensiaal moet deurgaans bestuur word.

Sensako kultivars word direk versprei asook deur uitgesoekte agri-besighede. Bethlehem 058 3034690; www.sensako.co.za.